Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@NAMPO/ALFA.co.za

ALFA-aanlyn 2021-Vleisbeesprogram: 1 April 2021 - 31 Augustus 2021 &
NAMPO/ALFA 2021 Vleisbeesprogram op NAMPO Park: 30 September 2021- 2 Oktober 2021.

Die vleisbeesprogram was sedert die eerste aanbieding van die ALFA ekspo in 2016 die ruggraat van die ekspo. Daar was 'n hele paar uitsonderlike mylpale, maar die parade van die finaliste van die vleisbees interraskampioenskap wat op die maat van die Triomfmars (uit Nabucco) tussen die dinee tafels deur stap is iets wat elkeen wat ooit ALFA bygewoon het, nooit sal vergeet nie. ALFA 2019 het deelname van 27 vleisbeesrasse gehad, die meeste ooit in SA by een geleentheid. Dit sluit rasse van al die registrerende owerhede in. Die fokus van die vleisbeesprogram is om samesyn van die totale vleisbeesgemeenskap te bevorder.

Die vleisbees-gefokusde projekte word in twee dele opgedeel:

- Die projekte wat deel vorm van die ALFA 2021-aanlynprogram wat 1 Mei – 31 Aug 2021 aanlyn op Agri TV, die ALFA webblad en Facebook blad en met ondersteuning van die ALFA selfoonaplikasie, uitgevoer word.
- Die projekte wat op NAMPO Park, 30 Sept- 2 Okt 2021 as deel van die NAMPO/ALFA Lewendehawe, Jag en Buitelewe ekspo aangebied word. (Hierdie program kan slegs voortgaan binne Covid-19 beperkings).

Die meeste van hierdie projekte het ook elemente wat oorvleuel of deel vorm van beide programme. Al die borge is nog nie finaal bevestig nie en van die nuwe projekte en geleenthede moet ook nog gefinaliseer word. 'n Vollediger program met datums en operasionele besonderhede sal spoedig gedeel word. ***Meer inligting oor die program en opdaterings is beskikbaar op*** ***www.alfaexpo.com***, ***www.NAMPO/ALFA.co.za*** en die ALFA Facebook blad.

ALFA aanlyn 2021 program:

- ***Zoetis-aanlyn-interrasskou***
  Die eerste aanlyn vleisbees interrasskou is in 2020 aangebied waar diere d.m.v. video's beoordeel is deur die nasionale interras beoordeellaarsvereniging. Dit was so 'n groot sulkses dat ons die aanlyn- skou 'n instelling gaan maak. Enige stoetteler kan sy/haar diere inskryf, diere het nie nodig om te kwalifiseer nie. Foto's en video's word d.m.v. die ALFA selfoonapplikasie geneem. Katagorieë sluit in: Junior bul en koei, senior bul en koei.
  Datums:
  - 1 Junie: Kompetisie word aangekondig en uitnodiging word aan telers gestuur.
  - 1 Julie: Deelnemers neem selfoonvideos en stuur dit in.
  - 1 Aug: Beoordeling begin
  - 31 Aug: Wenners word op Agri TV aangekondig.
  - 30 Sept- 2 Okt: Wenners word as kwalifiseerders vir die nasionale interras- kampioenskap uitgestal

- ***Zoetis Aanlyn Interkontinentale interrasskou***
  Hierdie kompetisie poog om die beste interras- beeste in die Suidelike hafrond te identifiseer. Wenners van die SA kompetisie kompeteer met wenners vanuit die res van Afrika, Argentinia en Australia in 'n internasionale interras- kompetisie. Inskrywings word deur die nuwe ALFA selfoontoepassing ondersteun wat die neem van die fotos en videos te standardiseer. Dieselfde katagoriee word aangebied as vir die SA kompetisie.
  Datums:
  - 1 Sept: Kwalifiseerders van SA, die res van Afrika, Argentinia en Australia word aangewys en beoordeling begin

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@NAMPO/ALFA.co.za

- 1 Okt: Drie-nasie wenners word op die Cattle Fest tydens NAMPO/ALFA aangewys

- ***Bloemskou-interrasbeoordeling-webinaar***
  Die onderwerp van interrasbeoordeling word vir die tweede jaar saam met Bloemskou, vanuit die oogpunt van die nasionale interrasbeoordelaars en senior stoettelers bespreek. Hierdie webinaar ondersteun die interras- kampioenskappe deur die beoordeling van beeste onder die loep te neem en deelnemers leiding te gee in hul voorbereiding tot deelname aan die verskillende interras- kompetisies.
  Datums:
  - 19 Mei: Aanbieding van die webinaar op Agri TV

- ***Nutri Moneymaker-Nominasies***
  Hierdie projek gee erkenning aan uitsonderlike leeftydprestasies van produksiediere in die laaste fase van hul produksielewe op grond van vrugbaarheid, die prestasie van hul nageslag en hul eie prestasiedata. Die projek gee aan diere van altwee geslagte in al die vleisbeesrasse wat die Moneymaker-titel verdien en hul eienaars of telers, erkenning. Dit is dus nie ‘n kompetisie nie maar stel ‘n standaard vir voldoening. Diere met ’n geboorte-aanmelding vanaf 1 Januarie 2016 of later kwalifiseer vir die kompetisie. Bulle en koeie mag dus nie ouer as tien jaar oud wees nie. Die genootskappe kan dan een van die kwalifiseerders van elke geslag nooi om uitgestal te word as deel van die Nutri Feeds Moneymaker-uitstalling, wat by elke ras uitgestal sal word tydens NAMPO/ALFA op NAMPO park.
  Die Moneymaker bulle kwalifiseer as volg:
  - Bul moes gebruik gewees het in stoet kuddes op ‘n minimum getal koeie (Getal kuddes en koeie wissel van ras tot ras).
  - Meer as 50% van beide manlike en vroulike nageslag moet in die ras opgeneem wees.
  - Die bul moet self ’n teelwaarde bo die rasgemiddeld hê.

  Die Moneymaker koeie kwalifiseer as volg:
  - Meer as sewe kalwers gespeen in 10 jaar (sy moes elke jaar gekalf het).
  - Meer as 50% van beide manlike en vroulike nageslag moet in die ras opgeneem wees.
  - Die koei moet self ’n teelwaarde bo die rasgemiddeld hê.

  Datums:
  - 1 Julie: SA Stamboek, LRF en Afri-data stuur lyste van kwalifiseerders aan genootskappe.
  - 26 Julie: Kwalifiseerders word op Agri TV aangekondig.
  - 30 Sept: Sertifikate word op NAMPO/ALFA uitgedeel.

- ***<u>ALFA Vleisbees-Prestasiekampioenskap.</u>***
  2021 Sal die 5de jaar wees dat die kompetisie aangebied word en manlike diere word vir die eerste keer ook ingesluit. Hierdie kompetisie poog om ’n wetenskaplike alternatief vir konvensionele skoubeoordeling te skep en voortreflike diere vroeg in hul produksie loopbaan te identifiseer en hul eienaars erkenning te gee. Die top jong diere word op grond van prestasiedata binne elke ras deur SA Stamboek, Breedplan en Afri-data, aangewys. Die bulle en verse moet jonger as 30 maande (geboorte-aanmelding ná 1 Januarie 2019) en die verse moet dragtig wees op 30 September 2021. Die genootskappe word gevra om die lys te verifieer waarna die top 10 bulle & verse geidentifiseer en aangekondig word. Die eienaars van hierdie 10 bulle en verse word genooi om elk ‘n selfoonvideo en foto’s van hul diere in te stuur wat d.m.v. die ALFA selfoontoepassing geneem

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@NAMPO/ALFA.co.za

word wat die proses standardiseer. Die diere word beoordeel op grond van funksionele doeltreffentheid (Rasstandaarde word nie in ag geneem nie). 'n Gesamentlike punt tussen die aanvanklike prestasiemeting en die funksionele doeltreffentheid bepaal dan die ALFA jongbul- en verskampioen vir elke ras @ ALFA 2021. Die genootskappe word genooi om een elk van hul top 10 bulle en verse op NAMPO Park tydens NAMPO/ALFA 2021 uit te stal by hul genootskapstalletjie saam met die ander ALFA wenners van daardie ras. Borde met die 2021 top 10 diere word permanent op NAMPO park aangebring.

Datums:

- 1 Junie: SA Stamboek, die LRF genootskappe en Afri-data stuur top-10 lyste aan die genootskappe.
- 1 Julie: Kwalifiseerders neem selfoonvideo's en stuur dit in.
- 1 Aug: Evalusaie van video's begin.
- 31 Aug: Top 10 lyste en ras-wenners word op Agri TV aangekondig.
- 1 Okt: Top 10 borde word by NAMPO Park onthul tydens Cattle Fest

- ***RPO nasionale interras-slagoskompetisie saam met Samic.***

  Elke vleisbeesras kry die geleentheid om 'n eie karkaskompetisie aan te bied. Elke raswenner kwalifiseer dan vir 'n interras-kompetisie tussen al Suid-Afrika se vleisbeesrasse. Die kompetisie word oor twee weke by twaalf abattoirs in al nege provinsies aangebied. (Lys van abattoirs en slagdatums per abattoir sal spoedig bekend gemaak word). Diere kan by enige van die abattoirs geslag word en word direk van plaas na abattoir geneem. Wenners word per ras, per provinsie en nasionaal aangewys vir enkelkarkas en groep van vier. Streekswenners word by die verskillende abattoirs aangewys en die nasionale interras-wenners by die Cattle Fest by NAMPO/ALFA. Dit gaan hierdie kompetisie die grootste karkaskompetisie ooit in SA maak.

  Datums:

  - 1 Julie: Kompetisie open vir inskrywings.
  - 9-20Aug: Slagtings by 14 abattoirs uitgevoer, streekswenners word by elke abattoir aangekondig.
  - 31 Aug: Interras-wenners word op Agri TV aangekondig. Sertifikate word op NAMPO/ALFA uitgedeel.

- ***SAFA Beef Brand Challenge***

  Verskillende geregistreerde of erkende vleisbeeshandelsmerke ding vir die tweede keer mee om as Suid-Afrika se kampioen-vleisbeeshandelsmerk aan te wys te word. Beoordeling word op grond van 'n wetenskaplike evaluasie deur die UVS gedoen. Evaluasies word beide deur wetenskaplike ontleding en sensoriese evaluasies gedoen.

  Datums:

  - 1 Julie: Kompetisie open vir inskrywings.
  - 2 Aug: Evaluasie word deur die UVS gedoen.
  - 1 Okt: Aanwys van wenners tydens die Cattle Fest op NAMPO Park
  - 5 Okt: Aanbied van die webinaar op Agri TV

- ***LNR/Afridata-Vleisbeeswebinaar saam met Profit Farming TV.***

  Hierdie webinaar kyk na vleisbeesboerdery vanuit die oogpunt van die ontwikkelende boer en bespreek die belangrikste aspekte wat sukses sal bepaal.

  Datums:

  - 4 Aug: Aanbied van die webinaar op Agri TV

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@NAMPO/ALFA.co.za

NAMPO/ALFA program op NAMPO park:

1. ***ALFA Nasionale Vleisbees Interras- Kampioenskap***
   Hierdie geleentheid is sedert die aanbieding van die eerste ALFA die hoogtepunt van die program. Die interras-wenners van die 12 grootste skoue in SA word jaarliks uitgenooi na ALFA om deel te neem aan hierdie uitsonderlike geleentheid. Die room van SA se vleisbeesgenetika staan in een uitstalling langs mekaar en stap die aand by die ALFA-dinee deur die tafels op die maat van operamusiek. Hierna is die nasionale interras-kampioen bul en koei aangewys is. Hierdie geleentheid het egter verlede jaar (soos al die skoue) ook a.g.v. die Covid-pandemie in die slag gebly. Dit lyk egter of daar wel skoue in 2021 gaan wees waar diere kan kwalifiseer (virtueel of lewendig) Die parade gaan tydens die Cattle Fest aangebied word waarna die wenners aangewys gaan word.
   Datums:
   - 2 Aug: Uitnodigings word uitgestuur aan wenners.
   - 29 Sept: Diere word afgelewer en stalletjies word opgerig op NAMPO park.
   - 30 Sept- 2 Okt: NAMPO/ALFA word aangebied op NAMPO park
   - 2-3 Okt: Diere word verwyder en stalletjies afgebreek.

2. ***Cape Gate Mega-Os Kompetisie***
   Hierdie kompetisie wys jaarliks die grootste os in Suid-Afrika aan. Vir die tweede jaar sal dit aanlyn gedoen word saam met Agri Gauteng (verlede jaar se wenner het 1,35ton geweeg). Die finale massabepaling en aanwys van die wenner, sal op NAMPO Park, met die aanbieding van NAMPO/ALFA gedoen word.
   Datums:
   - 1 Julie: Uitnodigings open vir deelname.
   - 1 Okt: Osse word geweeg en wenner word op die Cattle Fest aangekondig.

3. ***ALFA People's Choice Challenge***
   Besoekers aan NAMPO/ALFA kry die geleentheid om lendeskyf-stukkies van vyf verskillende rasse te proe en vir hul gunsteling te stem. Die wenras dra die kroon as die populêre keuse. Die eerste twee kompetisies is deur SA Angus gewen en die laaste een deur die Afrikaners-beestelers.
   Datums:
   - 1 Julie: Uitnodigings open vir deelname.
   - 30 Sept: Evaluasie op NAMPO/ALFA.

4. ***Prestige Alleras Veiling@ NAMPO/ALFA aangebied deur GWK Veewinkel.***
   Dit is die eerste jaar dat hierdie prestige veiling op NAMPO park aangebied word. Top bulle van vyf verskillende rasse gaan aangebied word. Die veiling word net voor die Cattle Fest, onder dieselfde afdak aangebied.
   Datums:
   - 1 Oktober, 14h00 op NAMPO park. .

African Livestock Trade Fair
Online Projects 2021

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@NAMPO/ALFA.co.za

NAMPO ALFA
Lewendehawe, Jag en Buitelewe

5. ***ALFA Cattle Fest***

Die vleisbeesbedryf en alle aspekte daarvan word by die geleentheid gevier met 'n osbraai en Ruan du Toit se musiek. Die rooivleisbedryf kom bymekaar om te sosialiseer, preseerders in die bedryf erkenning te gee en die produkte van die bedryf te geniet terwyl die interras- beeste aan 'n parade deelneem.
Die volgende toekennings word uitgehandig:

- Die ALFA-vleisbeesprojekte toekennings.
- Samic se nasionale vleisbeestoekennings.
- SA Stamboek Logix vleistoekennings vir die noorde.

Datums:

- 1 Okt, 18h00 op NAMPO Park.

Alfa 2021 Kalender Opsomming		
Datum	**Projek**	**Aksie**
3 Mei	*ALFA Vleisbees-Prestasiekampioenskap.*	Registrasie owerhede stuur top-10 lyste aan genootskappe.
	Zoetis Aanlyn-Interrasskou	Kompetisie word aangekondig en uitnodigings uitgestuur
19 Mei	*Bloemskou-Interrasbeoordeling-Webinaar*	Aanbieding van die webinaar op Agri TV
1 Junie	*ALFA Vleisbees-Prestasiekampioenskap.*	Kwalifiseerders neem selfoonvideos en stuur dit in.
	Zoetis Aanlyn-Interrasskou	Deelnemers neem selfoonvideos en stuur dit in.
1 Julie	*ALFA Vleisbees-Prestasiekampioenskap.*	Evalusaie van videos begin
	Zoetis Aanlyn-Interrasskou	Evalusaie van videos begin
	Nutri Moneymaker-Nominasies	Registrasie owerhede stuur lyste van kwalifiseerders in
	RPO Nasionale Interras-Slagos Kompetisie	Kompetisie open vir inskrywings
	SAFA Beef Brand Challenge	Kompetisie open vir inskrywings
	Cape Gate-Mega-Os Kompetisie	Kompetisie open vir inskrywings.
	ALFA People's Choice Challenge	Uitnodigings open vir deelname.
26 Julie	*Nutri Moneymaker-Nominasies*	Kwalifiseerders word op Agri TV aangekondig met webinaar
28 Julie	*Zoetis-Aanlyn-Interras-skou*	Wenners word op Agri TV aangekondig.
30 Julie	*ALFA Vleisbees-Prestasiekampioenskap.*	Top 10 lyste en ras-wenners word op Agri TV aangekondig
2 Aug	*Zoetis Aanlyn Interkontinentale Interras-Skou*	Kwalifiseerders van SA, die res van Afrika, Argentinia en Australia word aangewys.
	SAFA Beef Brand Challenge	Evaluasie word deur die UVS gedoen.
	ALFA Nasionale Vleisbees Interras- Kampioenskap	Uitnodigings word uitgestuur aan wenners.
2-13 Aug	*RPO Nasionale Interras-Slag-oskompetisie*	Slagtings by 12 abattoirs, landwyd uitgevoer
4 Aug	*LNR/Afridata-Vleisbeeswebinaar*	Aanbied van die webinaar op Agri TV
17 Aug	*RPO Nasionale Interras-Slag-oskompetisie*	Interras wenners word op Agri TV aangekondig.
1 Sept	*Zoetis Aanlyn Tri-Continental Interrasskou*	Evalusaie van videos begin
29 Sept	Alle projekte wat diere op NAMPO Park uitstal	Diere word afgelewer en stalletjies word opgerig
30 Sept	*Nutri Moneymaker-Nominasies*	Sertifikate word uitgedeel tydens NAMPO/ALFA
30 Sept-2 Okt	NAMPO/ALFA	Geleentheid vind plaas op NAMPO Park
30 Sept-1 Okt	*ALFA People's Choice Challenge*	Evaluasie vind plaas

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@NAMPO/ALFA.co.za

Online Projects 2021

1 Okt	*Cape Gate Mega-Oskompetisie*	Osse word geweeg
	Prestige Alle-Ras Bulveiling	Aanbied van veiling deur GWK Veewinkel om 15h00
	ALFA Cattle Fest	Osbraai vind plaas
2-3 Okt	Alle projekte wat diere op NAMPO Park uitstal	Diere word verwyder en stalletjies afgebreek.
5 Okt	*SAFA Beef Brand challenge*	Aanbieding van die webinaar op Agri TV